

Dinsdag 20 September

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:13-18

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:16, 17 (AFR83/20)

Wonderlike troos van Christus se wederkoms

In 'n sonde-gebroke wêreld met sy stukkende en brose mense is hoop en troos seker twee van die dinge waarna ons die meeste smag. Die Covid-19 pandemie en die geweldige nood en hartseer wat daarop gevolg het, het geleer dat ons veral in tye van krisis en beproewing 'n behoefte het aan vaste fundamente waarop ons ons lewe kan anker.

Die kosbare beloftes in ons teks is so 'n stewige anker, eintlik 'n reddingsboei wat die Heilige Gees na ons uithou in die midde van storms en onsekerheid. Paulus rig die gemeente se hart op die rotsvaste belydenis dat Jesus Christus die dood oorwin het, op die derde dag opgestaan het uit die graf, triomfantlik opgevaar het na die hemel en weer sal terugkeer op die wolke. Op daardie blye dag sal Hy die grafte opwek en sy gelowige kinders saam met hom voer na die Vaderhuis met sy baie woninge.

Die dood het dus nie die laaste sê oor God se kind nie. Die dood is oorwin! Die engel van die dood – die sonde – het Christus deur sy soenverdienste aan die kruis weggeneem. Daarom is sy opstanding die waarborg en belofte dat elkeen wat vir Hom geleef en in Hom gesterf het, saam met Hom sal lewe tot in ewigheid.

Die troos van die lewe, die ewige lewe by God, is die evangelie van hoop waaraan ons stewig moet vashou! Met hierdie verwagting leef ons elke dag en oomblik en sien met reikhalsende verlange uit na die troosryke gebeurtenis van Koning Jesus se wederkoms. Maar tot dan brand die troos en die hoop van ons eie salige opstanding vurig in die hart. Maranata – kom, Here Jesus!

Sing: Skrifberyming 57:3, 5 (18-6)

Ds. CJ Nagel (Innes) (Louis Trichardt)